

19 Mei

Skrifgedeelte: Jesaja 44:6-23

Fokusgedeelte: Jesaja 44:23

Verlose mens, juig en jubel saam met die hele skepping!

Die Here se uitverkore volk moes as ballinge weggevoer word grootliks omdat hulle ander gode gedien het. By die belofte van die terugkeer uit ballingskap vind Hy dit noodsaaklik om sy volk te herinner aan Wie Hy is, sodat hulle, weer terug in die beloofde land Israel, nie weer ander gode sal dien nie. Aan die hand van twee maklik verstaanbare beelde verduidelik Hy die sinloosheid, ja selfs belaglikheid, van afgodediens.

- Die mens, self 'n nietigheid, 'n niks (vs 9), maak vir homself uit yster of hout 'n afgod om te dien. Die ystersmid moet gloeiende hitte verduur, en selfs met bultende spiere die swaar gereedskap hanteer. Hy werk onverpoosd, eet en drink nie, want wanneer jy yster met hitte bewerk, moet dit klaar bewerk word. As jy eers bietjie rus of gaan eet, en die yster het koud geword, kan jy maar van voor af begin! Al daardie moeite deur 'n nietigheid, om 'n nietigheid te maak!
- Die timmerman soek sorgvuldig 'n bruikbare boom in die bos uit, 'n boom wat hy nie natgemaak of laat groei het nie. 'n Gedeelte van die hout gebruik hy om hom warm te maak en sy vleis daarop te braai, en van die oorblyfsel, die oorskiet, maak hy 'n god, 'n god wat mooi afgemeet moet word, sodat dit nie dalk te groot is vir sy staanplek in die huis nie. Wanneer hierdie god dan op sy ereplek in die huis geplaas is, hierdie god wat met die verstand van 'n nietigheid uitgedink, en met die hande van 'n nietigheid gemaak is, buig hierdie nietigheid van 'n mens voor sy selfgemaakte god, en roep uit: "Red my, want jy is my god!"

Afgodsdien is oorskietdien, en die reddingspoging daarvan kan tog niks oplewer nie! Daarenteen bevestig die Here vir ons, voorsien Hy die redding, en ook die Redder! Hy, die Skepper van nie net yster en hout nie, maar selfs van die hemele met alles daarin, en die aarde met alles daarop en daarin, voorsien sy eie Seun as ons Verlosser en Saligmaker.

Die ganse skepping word aangesê om te jubel en te juig oor God se verlossingsgenade in Jesus Christus. Doen jy, kroon van die skepping, verlose in Jesus Christus, hieraan mee?

Laat ons met oorgawe en entoesiasme uitbreek in gejubel! Ons dien immers die enigste, ware, lewende God, en oorskietdien, afskeepdien, nietigheidsdien, spreek nie van juig en jubel nie!

Sing: Psalm 16:1, 2 (1936-beryming)

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)